## R2.6M ‘ACTIVE BOX’ IN PIKETBERG!

“An Active Box is a beacon of hope, making communities safer and contributing to an improved quality of life for the community it serves”.

These were the words of Alderman Ray van Rooy, Executive Mayor of Bergrivier Municipality, as construction work to erect the Active Box, commenced at the beginning of February 2020.

The R2.6 million Active Box, which forms part of the Regional Socio-Economic programme (RSEP), will be a three level multi-purpose building situated at the T-junction of Sarel Cilliers Street and the newly-built Calendula Street in Piketberg.

The building will mostly be occupied for community safety related functions.

The doors of the Active Box will be open for the community to access Law Enforcement officials and the West Coast Development Forum. This new facility won’t only contribute to safe and sustainable neighbourhoods, but will also facilitate the enhancement of social cohesion, citizenship and community pride.

The project is expected to be completed by the end of June 2020.



## Munisipale Databasis vir Tydelike Werkers

Lede van die publiek wat op die munisipale databasis vir tydelike werkers geregistreer is, word hiermee versoek om indien hulle kontakbesonderhede verander het, dit deur te gee aan u naaste munisipale kantoor.

Indien u nog nie geregistreerd is nie, kan u ’n vorm by u naaste munisipale kantoor/biblioteek bekom vir registrasie op die databasis.

## ANTI-FRAUD & CORRUPTION

Members of the public are encouraged to report any fraud and/or corruption allegations to either the Executive Mayor, Alderman Ray van Rooy, on 083 657 9615, the Municipal Manager, Adv. Hanlie Linde on 022 913 6011 or the Internal Auditor, Jurene Erasmus at 022 913 6002 or via e-mail: frankj@bergmun.org.za.

## NUWE R600 000 TOETSBAAN

Bergrivier Munisipaliteit het gedurende die 2019/2020 finansiële jaar R600 000 spandeer vir die voltooiing van die bestuurderslisensie toetsbaan in Piketberg. Die verkeerskantoor in Piketberg is geklassifiseer as ’n Graad A toetssentrum vir bestuurderslisensies.

Die Munisipaliteit het ’n behoefte vir ’n opgegradeerde toetsbaan geïdentifiseer om aan alle standaard regulasies te voldoen. “Hiermee sal Bergrivier Munisipaliteit 'n nuutgeboude Graad A K53-toetsfasiliteit hê. Die gemeenskap sal nou 'n baie meer omgewingsvriendelike graad A-fasiliteit hê wat voorheen agter die Radie Kotze Hospitaal geleë was,” het Rdl. Adam du Plooy, Portefeuljevoorsitter van Gemeenskapsdienste by Bergrivier Munisipaliteit, gesê.



Die projek is voltooi in Februarie 2020. Ons sien uit daarna!



## VIERDE SKOON OUDIT IN ’N RY


“Prys die Here vir uiters toegewyde Raadslede en fantastiese kundige personeel. Baie dankie vir die groot spanpoging om nog ’n skoon oudit te verwerf. Bergrivier Munisipaliteit is waarde-gedrewe en ons glo daaraan om die regte goed reg te doen. Dankie aan elke lid van ons publiek wat ons voortdurend op ons tone hou. Ons dien met trots!”.



Só het die Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, Raadsheer Ray van Rooy, gesê nadat Bergrivier Munisipaliteit die goeie nuus ontvang het.

Van Rooy beklemtoon verder dat alhoewel dit belangrik is om ’n skoon oudit te vier, die fokus altyd op uitstekende dienslewering is en sal bly in die toekoms.

Bergrivier Munisipaliteit het vir die vierde agtereenvolgende jaar ’n skoon oudit vir die 2018/2019 finansiële jaar ontvang. Die finale ouditverslag deur die onafhanklike Ouditeur-Generaal is op 29 November 2019 uitgereik.




Alle munisipaliteite word jaarliks geoudit tussen Julie en November.
’n Span ouditeure het die afgelope vier maande ’n intensiewe evaluering van Bergrivier Munisipaliteit se prestasiebestuurstelsels, finansiële state, interne beheermaatreëls, regering en leierskap gedoen. Dié munisipaliteit het dus sy skoon oudit status behou en weliswaar met geen bevindinge. Dankie vir almal se harde werk!

# BERGRIVIER BULLETIN

**Official newsletter of Bergrivier Municipality**



**WE SERVE WITH PRIDE** **MARCH/APRIL 2020**

## REDELINGHUYS: R1.5M PADOPGRADERING

Bergrivier Munisipaliteit is in die proses om Aandblomstraat in Redelinghuys op te gradeer met befondsing van die *Municipal Infrastructure Grant (MIG)*.

Die koste van die opgradering van die pad wat ongeveer 310 meter lank is, beloop sowat R1.5 miljoen.

As gevolg van die nuwe geplaveide pad sal die groot hoeveelheid stof wat gewoonlik deur die grondpad veroorsaak word, nie meer ’n oorlas vir bewoners van Aandblomstraat wees nie. Hierdie projek sal ook verseker dat dié pad meer toeganklik en gerieflik sal wees vir voetgangers gedurende die winterperiode.

Na voltooiing sal hierdie projek tien tydelike werks– en opleidingsgeleenthede geskep het. Die projek sal teen einde Junie 2020 voltooi wees.

**2020: Die jaar van diens-uitnemendheid!**





## HERWINNING 'N TOP PRIORITEIT VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

### "Put your WASTE in its place!"

Bergrivier Munisipaliteit spandeer ongeveer R26 miljoen per jaar aan vullisverwydering wat hoofsaaklik spandeer word aan die aankoop van vullissakke, vervoer - en stortingskoste. Bergrivier Munisipaliteit het geen gelisensieerde stortingsterrein nie en vervoer alle huishoudelike vullis na stortingsterreine in Malmesbury en Vredenburg met ooreenkomste met Swartland– en Saldanhabaai Munisipaliteite.

Die munisipaliteit het derhalwe begin met die herwinning van herbruikbare afval wat nie net die koste van die verwydering van huishoudelike afval wesenlik kan verlaag nie, maar ook ons omgewing beskerm, skoon hou en bewaar.

**Die volgende kategorieë van vullis word onder huishoudelike vullisverwydering hanteer:**

**Swartsakke**: Alle nie-herwinbare huishoudelike afval. Swart sakke word jaarliks aan elke huishouding voorsien, waarvan die koste by die vullisverwyderingstarief ingesluit is. Sakke moet by die Tegniese Afdelings afgehaal word met die toon van u munisipale rekening. Om inwoners aan te moedig om deel te neem aan die herwinningsprogram, word slegs een swart sak per week voorsien en verwyder.

**Groensakke**: Alle tuinvullis word plaaslik gestort en verwerk vir kompostering. Groen sakke word weekliks aan huishoudings voorsien volgens die getal sakke wat uitgesit word vir verwydering. Inwoners is beperk tot twee groen sakke per week en indien meer tuinvullis gegenereer word, kan die eienaar aanvra dat 'n vrag tuinvullis deur die munisipaliteit verwyder word teen 'n tarief wat jaarliks bepaal word. Tans R208 per vrag (trekker en wa), of gedeelte daarvan.

**Deurskynendesakke**: Alle herwinbare huishoudelike materiaal en afval. Sakke word weekliks aan elke huishouding voorsien volgens die aantal wat deur die herwinningspan gekollekteer word by huise. (Geen beperking op deurskynende sakke nie.) Kontak u plaaslike munisipale kantoor vir meer inligting oor produkte wat herwin kan word.

**Landbou:** Geen munisipale vullisverwydering vind plaas in landelike gebiede waar afval op plase of buite dorpsgebiede genereer word nie. Daar word egter voorsiening gemaak dat **bruikbare** herwinningsafval van plase **kosteloos** by die onderskeie herwinning terreine afgelaai kan word, asook die wegdoen van nie-herwinbare materiaal by die plaaslike oorlaaistasie teen vasgestelde tariewe (per ton) wat jaarliks bepaal word.

**Besighede:** Die huishoudelike tarief vir vullisverwydering wat jaarliks bepaal word is tans R234 (BTW ingesluit) en is ook op alle besighede van toepassing as `n maandelikse minimum diens vir die verwydering van twee sakke een maal per week. Enige addisionele verwyderings moet vooraf met die rekeninge afdeling van Bergrivier Munisipaliteit gereël word.



Herwinbare Materiaal  Huishoudelike Afval  Tuinafval

## NUWE R2.2M VOETPAD VIR PORTERVILLE

Bergrivier Munisipaliteit is besig om 'n voetpad ter waarde van R2.2 miljoen in Porterville te bou.

Hierdie projek vorm deel van die RSEP-befondsingsprogram wat gemeenskapsintegrasie deur infrastruktuurontwikkeling insluit. Die voetpad sal 850m in lengte wees en begin op die hoek van Jakkalskloofweg verby die begraafplaas en eindig in Disastraat in Monte Bertha.

Die projek sluit die volgende in: Loopvlak van 850m; Beligting en parkeerbanke langs die voetpad; Handelsstalletjies met ablusiegeriewe; en 'n Parkeerarea. Die projek bied kleinhandelondernemingsgeleenthede en toegang vir die gemeenskap van Monte Bertha tot Porterville se Sentrale Besigheidsarea.

Na voltooiing sal hierdie nuwe fasiliteit nie net bydra tot veilige en volhoubare woonbuurte nie, maar sal dit ook die bevordering van sosiale samehorigheid, burgerskap en trots in die gemeenskap bevorder. Tien entrepreneurs sal ook 'n geleentheid kry om te smous en 'n inkomste uit hierdie inisiatief te genereer.

Die projek sal teen einde Junie 2020 voltooi wees. Ons sien uit hierna!



## WIL U 'N BRAND RAPPORTEER?

**Skakel Bergrivier Munisipaliteit vir die volgende insidente:**

- **Alle struktuurbrande (huise en geboue) binne dorpsgrense;**
- **Ongelukke binne die munisipale gebied asook op die N7, R44 en R27 (slegs die gedeeltes wat binne die munisipale grense van Bergrivier Munisipaliteit val).**

**Skakel Weskus Distriksmunisipaliteit vir die volgende insidente:**

- **Alle bos – en veldbrande (Koringvelde en Meentgrond ingesluit). Dit sluit ook brande aan strukture in die Morawiese dorpe in;**
- **Struktuurbrande (huise en geboue) op landelike gebiede (bv. Plase); en**
- **Alle gespesialiseerde brande (bv. Chemiesebrande).**

| DORP | BRANDWEER & RAMPBESTUUR | AMBULANS |
|---|---|---|
| Piketberg en Redelinghuys | 079 349 8619 | 10177 / 022 433 8700 |
| Porterville en Eendekuil | 076 695 7454 | 10177 / 022 433 8700 |
| Velddrif (Dwarskersbos, Laaiplek ingesluit) en Aurora | 076 694 8683 | 10177 / 022 433 8700 |
| Hoof: Rampbestuur | 083 272 3714 | 10177/ 022 433 8700 |
| **Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM)** | 022 433 8700/ 10177 | |

# ANNA SWARTS

## PORTERVILLE PLAY PARK UPGRADED

Bergrivier Municipality has spent in excess of R143 000 to give the once dilapidated play park in Porterville, a complete overhaul.

The surface area of this play park, which is situated in DJ Pearce Avenue in Porterville, was upgraded with paved walkways, as well as one leading to the entrance of the newly-built gazebo. Apart from the existing equipment receiving a fresh layer of paint and some much-needed repair work, a new set of play equipment was also installed.



The newly installed equipment includes: Zet play structure; Trompie play structure; Joleen play structure; A swing (four seater); Slide; and a See-saw (four seater). In addition to new trees being planted, brand new palisade fencing was also installed to protect the facility.

"Playgrounds are an integral part of childhood development and play equipment can help children to develop cognitively, physically, communicatively, socially and emotionally in an environment where they feel free and safe," said Cllr. Adam du Plooy, Portfolio Chairperson of Community Services at Bergrivier Municipality.

The kids come into an environment, added Du Plooy, where they will get an opportunity to practise all these skills and receive the stimulation they need to develop and grow.

The project was completed in May 2019. Have fun and make friends!

## UIT DIE PEN VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER



Ons leuse vir 2020 is 'die jaar van diens-uitnemendheid' waar ons gaan fokus op uitstekende dienslewering aan al ons gemeenskappe.

Dienslewering is vir ons nie-onderhandelbaar nie en ons moet ten alle tye ons gemeenskappe skoon hou. Dit gebeur moontlik nie elke dag nie en ek verstaan as u ongelukkig is daaroor. Moenie wag om u ongelukkigheid uit te spreek nie, kontak my kantoor onmiddellik.

Hartlik geluk aan alle matrikulante van 2019 wat hul finale eksamen geslaag het en 'n spesiale woord van geluk aan diegene wie 'n A-simbool behaal het.

Aan die matriek klas van 2020, baie sterkte met die nuwe hoofstuk in jou lewe. Jy is op die drumpel van 'n hele nuwe wêreld! Jy is amper klaar en die eindstreep van jou skoolloopbaan is in sig. Onthou, dit maak nie saak waar jy vandaan kom nie. Al wat saak maak is waarheen jy oppad is. Alle sterkte vir die jaar wat voorlê en gee altyd jou beste in alle omstandighede!